NWK BEHEREND BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007243/06
4AX Aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

("**NWK Beherend**")

NWK BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007577/06
4AX Aandelekode: 4ANWK
ISIN: ZAE400000010

("**NWK**")

GESAMENTLIKE AANKONDIGING:

OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING TEN OPSIGTE VAN VOORGESTELDE AANBOD EN DENOTERING

---

1. INLEIDING

1.1. Aandeelhouers van NWK Beherend en NWK (gesamentlik hierin na verder verwys as die "**Aandeelhouers**" of, soos die konteks mag vereis, "**NWK Beherend Aandeelhouers**" en/of "**NWK Aandeelhouers**") word hiermee geadviseer dat NWK Beherend en NWK tans samesprekings voer in terme waarvan NWK Beherend 'n aanbod mag maak om al die uitgereikte aandele van NWK ("**NWK Aandele**") te verkry vanaf NWK Aandeelhouers, anders as NWK Beherend self, by wyse van 'n gekombineerde aanbod deur:

1.1.1. 'n reëlingskema ("**Skema**") in terme van artikel 114(1) van die Maatskappywet 71 van 2008 ("**Maatskappywet**"). Implementering van die Skema sal lei tot die denotering van NWK vanaf die beurs wat deur 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk ("**4AX**") bedryf word en sal NWK 'n ongenoteerde volfiliaal van NWK Beherend word; en

1.1.2. Vervolgens en indien, *onder andere,* nadat die Skema voorgestel is, die NWK spesiale algemene vergadering ("**Spesiale Algemene Vergadering**") ten einde die Skema te oorweeg en daarop te stem, gekanselleer word deur NWK, of dit vir enige rede nie gehou word nie, of indien die Skema andersins misluk, dan 'n algemene aanbod deur NWK Beherend aan NWK Aandeelhouers ("**Algemene Aanbod**") soos bedoel in artikel 117(c)(v) van die Maatskappywet. Na die Algemene Aanbod, en onderhewig aan die aanneming van 'n denoteringsbesluit, sal NWK gedenoteer word vanaf 4AX en 'n ongenoteerde filiaal van NWK Beherend word.

1.2. Soos op die datum van hierdie aankondiging, hou NWK Beherend 79.45% van die uitgereikte aandelekapitaal van NWK.

1.3. Dit word voorsien dat die voorgestelde transaksie sal bestaan uit 'n aandeel-vir-aandeel aanbod aan NWK Aandeelhouers in terme waarvan die NWK Aandeelhouers hulle bestaande NWK Aandele sal ruil vir nuut uitgereikte aandele in NWK Beherend ("die **NWK Beherend Aandele**"). Nietemin, as gevolg van die "*Bona Fide Kommersiële Landbou Produsente*" ("**BFCAP**") kwalifiseringsvereistes wat van toepassing is op die NWK Beherend Aandele (soos uiteengesit in NWK Beherend se memorandum van inkorporasie), sal slegs sodanige NWK Aandeelhouers wat voldoen aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes in staat wees om NWK Beherend Aandele te ontvang. NWK Aandeelhouers wat nie aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes voldoen nie, sal 'n alternatiewe en gelykwaardige kontantvergoeding ontvang.

2. OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

2.1. Hierdie aankondiging is nie 'n vaste voorneme aankondiging in terme van Regulasie 101 van die Maatskappyregulasies, 2011 nie.

2.2. Dienooreenkomstig, word Aandeelhouers geadviseer om omsigtigheid aan die dag te lê wanneer daar gehandel word met NWK Beherend en NWK sekuriteite totdat 'n gedetailleerde aankondiging van vaste voorneme gemaak word of totdat hierdie omsigtigheidsaankondiging teruggetrek word.

3. VERANTWOORDELIKEID VAN DIE RAAD

3.1. Die Raad van direkteure van NWK Beherend en NWK aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging. Tot die beste van sy kennis en oortuiging, is die inligting vervat in hierdie aankondiging waar en niks is uitgelaat wat oënskynlik die belang van die inligting hier ingesluit sou affekteer nie.

Lichtenburg
28 April 2020

4AX EXTERNAL UITREIKINGSAGENT:
Pallidus Capital Eiendoms Beperk